

VOORWOORD

GIDEON ELS

Wat is die lekkerste werk wat iemand kan hê? Ek dink ek kan met groot dankbaarheid sê: ORRELIS! Ek was bevoorreg om vir amper 28 jaar voltydse orrelis by die NG Gemeente Farrarmere in Benoni te wees. Daar is darem niks lekkerder as om te hoor hoe 'n gemeente 'n gesang of psalm met oorgawe uitbasuin nie. Dit gee jou agter die orrel sommer so 'n skop om nog meer intens en met meer lof te speel!

Toe die SAKOV bestuur my dus in 2016 gevra het om die redaksionele rol van *Vir die Musiekleier* oor te neem was dit met bietjie bewing in my broek wat ek ja gesê het. Hier is nou my kans om saam met "groot geeste" in die Suid-Afrikaanse kerkmusiekwêreld op 'n heel ander vlak saam te werk. En watter voorreg is dit nie!

Ek moet dus hier onmiddellik my grootste dank en waardering uitspreek teenoor Drs. Gerrit Jordaan en Mario Nel wat my hierdie ongelooflike kans gegee het. Daarmee saam sê ek dankie vir Prof Hetta Potgieter en Dr Ockie Vermeulen wat oor 'n aantal jare hierdie vaktyskrif uitgebrei het tot waar dit vandag sonder skroom nie net kan uitstaan as 'n trotse deel van die SAKOV familie nie maar ook 'n belangrike bydraer tot die navorsingsveld van kerkmusiek.

In this edition of *To the Director of Music*, **Dr Andrew-John Bethke** investigates the process of localisation or inculturation using a case study approach. This, sometimes controversial issue, looks at transformation in relation to South African Anglican worship at Grahamstown Cathedral. With his presentation of musical examples drawn from experiments, he has proven some broad success within their congregation.

As deel van die jaarlikse Gawie Cillie gedenklesing het **Prof Elsabe Kloppers** 'n navorsingsreferaat aangebied waar sy gefokus het op die 500 jarige herdenking van die Reformasie in 2017. Net soos wat die Hervorming 'n teologiese beweging was, was dit ook 'n 'sang beweging': samesang het 'n ekumeniese simbool geword. Dit beteken dat die herdenkingsjaar ons 'n geleentheid bied om die ekumeniese moontlikhede van sang beter te verken en om nuwe perspektiewe op musiek en sang in die liturgie raak te sien. Die probleem met van hierdie liedere is egter dat baie onbekend blyk te wees. Sy gaan verder deur verskeie redes vir die onbekendheid aan te voer waaronder die vervelige manier waarop baie van die ekumeniese liedere in die verlede gesing is; die invloed van die omliggende musikale kultuur; 'n dominante spiritualiteit wat geen ruimte vir ekumeniese liedere uit die verlede bied nie; sowel as 'n gebrek aan kennis deur beide predikante en aanbidingsleiers oor van die moontlikhede van hierdie liedere in die kreatiewe kommunikasie van geloof.

Dr Diederick Basson bied, deur die gebruikmaking van 'n historiografiese metodiek, 'n oorsig op sinodebesluite met betrekking tot die gebruik van die psalms in die erediens in die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (GKSA) vir die tydperk 1862-2012. Navorsing dui daarop dat psalms in die 1936-beryming en 2001-beryming nie optimaal in die Gereformeerde erediens benut word nie.

Sinodebesluite toon duidelike leemtes in die musikologiese beoordeling van die liedmatig bewerkte psalms deurdat daar nie 'n betroubare, objektiewe stelsel bestaan waarteen psalms gemeet kan word nie. Sinodebesluite neem ook nie die deursnee lidmaat se musikale profiel en musikale voorkeure in ag nie.

Volgens **Me Isabeau Swanepoel** en **Prof Daleen Kruger** het die rol van orreliste in die post-moderne kontemporêre NG Kerk dramaties oor die afgelope 50 jaar verander. Hierdie paradigmaskuif in die liturgie en liturgiese musiek van die kerk het daartoe gelei dat drastiese veranderinge soms nodig is vir sover dit die keuse van musiek, liedere en musikale begeleiding aangaan ten einde hierdie behoefte van die post-moderne gemeente te bevredig. Hul navorsing het ook getoon dat orreliste 'n sogenaamde 'kopskuif' sal moet maak ten einde suksesvol te wees.

Geniet die lees!